



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GEOGRAFIE V1  
FEBRUARIE/MAART 2012**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n 11 bladsy-bylae.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 100 punte elk.
3. ALLE diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Nommer AL jou antwoorde in die MIDDEL van die reël.
5. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
6. Begin elke vraag boaan 'n NUWE bladsy.
7. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
8. MOENIE in die kantlyne van jou ANTWOORDEBOEK skryf nie.
9. OMKRING die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van jou ANTWOORDEBOEK.
10. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.
11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KLIMAAT EN WEER, FLUVIALE PROSESSE EN STRUKTUURLANDVORME

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

### VRAAG 1

- 1.1 FIGUUR 1.1 illustreer lugdruk gordels oor Afrika. Beantwoord die vrae hieronder deur elke vraag by 'n term uit die lys hieronder te pas. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

ITKS; subtropiese gordel; westewinde; Coriolis; Hadley; polêre oostewinde
---

- |       |   |              |
|-------|---|--------------|
| 1.1.1 | Noem die drukgordel waarin Suid-Afrika geleë is.  | (2)          |
| 1.1.2 | Wat is die naam van die gordel waar die tropiese oostewinde konvergeer/bymekaarkom?                       | (2)          |
| 1.1.3 | Wat is die naam van die krag wat winde na links in die Suidelike Halfrond deflekteer (laat afwyk)?        | (2)          |
| 1.1.4 | Noem die winde wat vanaf die 30°N/S-breedtelyn divergeer/uiteenloop.                                      | (2)          |
| 1.1.5 | Identifiseer die naam van die sel wat met warm stygende lug by die ewenaar geassosieer word.              | (2)          |
| 1.2   | Verwys na FIGUUR 1.2 wat fluviale verskynsels toon en gee EEN term vir elk van die stellings hieronder.   |              |
| 1.2.1 | Water wat op die oppervlak vloei nadat dit gereën het.  |              |
| 1.2.2 | Hoogliggende gebied wat twee verskillende dreineerbekke skei.   |              |
| 1.2.3 | Water wat onder die Aardoppervlak gevind word.  |              |
| 1.2.4 | Punt waar die rivier die see binnevloei.  |              |
| 1.2.5 | Toon die skeiding tussen sytakke in dieselfde dreineerbekke.  | (5 x 2) (10) |
| 1.3   | Bestudeer FIGUUR 1.3 wat 'n deursnit deur 'n lyndonderstorm toon wat langs 'n vogfront/troglyn ontwikkel. |              |
| 1.3.1 | Verduidelik die betekenis van die term <i>vogfront</i> .  | (1 x 2) (2)  |
| 1.3.2 | Identifiseer die twee winde by <b>A</b> en <b>B</b> wat by die vogfront sal konvergeer/bymekaarkom.       | (2 x 2) (4)  |

- 1.3.3 Dui aan watter een van die twee winde hierbo genoem, is warm en vogtig en watter een is koud en droog. (2 x 2) (4)
- 1.3.4 Verduidelik waarom die twee winde wat in VRAAG 1.3.2 geïdentifiseer is verskillende eienskappe in terme van voginhoud en temperatuur toon. (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Beskryf kortliks hoe 'n donderstorm langs die vogfront ontwikkel. (3 x 2) (6)
- 1.3.6 Noem TWEE wyses waarop lyndonderstorms boerdery-aktiwiteite in Suid-Afrika negatief kan beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat 'n seisoenale wind in Indië toon.
- 1.4.1 Identifiseer die seisoenale wind getoon in die skets. (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Waarom word dit 'n *seisoenale wind* genoem? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Identifiseer die seisoen wat in FIGUUR 1.4 voorgestel word. (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Hoewel mense die aankoms van die seisoenale wind in FIGUUR 1.4 vrees, is hulle meer besorgd oor die laat aankoms van die seisoenale wind. Verduidelik hierdie stelling volledig. (6 x 2) (12)
- 1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat 'n rivierbekken toon.
- 1.5.1 Noem die tipe rivier gemerk **A**. (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Bepaal die stroomorde by **B**. (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Verduidelik hoe die beboste gebied die stroomafloop sal beïnvloed. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Identifiseer die dreineerpatroon sigbaar in die gebied genaamd Cap Mountains. (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Stroomroof het by punt **C** voorgekom.
- (a) Verduidelik die konsep *stroomroof*. (1 x 2) (2)
- (b) Stel TWEE eienskappe voor wat die Ronrivier sal hê om 'n ander rivier te kon beroof. (2 x 2) (4)
- (c) Watter impak het stroomroof op nedersetting **D** wat langs die verarmde rivier voorkom? (2 x 2) (4)

- 1.6 Bestudeer FIGUUR 1.6 wat 'n syaansig van 'n rivier voorstel.
- 1.6.1 Identifiseer die rivierprofiel gemerk **A**. (1 x 2) (2)
- 1.6.2 Gee TWEE moontlike redes waarom die reënwater nie vinnig genoeg in die grond insypel (infiltreer) nie. (2 x 2) (4)
- 1.6.3 Oorstroming van riviere is hoofsaaklik te wyte aan wanbestuur van riviere. Skryf 'n paragraaf (ongeveer 12 reëls) waarin jy maniere voorstel waarop die mens rivieromgewings wanbestuur. (6 x 2) (12)
- [100]**

## VRAAG 2

- 2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat 'n middelbreedte-sikloon toon. Reageer op elke van die stellings hieronder deur dit te pas by die terme wat verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

warm front; cumulonimbus; cirrus; koue front; okklusie; polêre front
--

- 2.1.1 Identifiseer die front gemerk **A**. (2)
- 2.1.2 Noem die tipe wolk wat met die aantog (nadering) van 'n middelbreedte-sikloon geassosieer word. (2)
- 2.1.3 Noem die donderstormwolk wat met **A** geassosieer word. (2)
- 2.1.4 Die term wat gebruik word om die proses te beskryf wanneer 'n koue front 'n warm front by die apeks (punt) (**C**) inhaal. (2)
- 2.1.5 Identifiseer die front **D** wat selde die weer van Suid-Afrika beïnvloed. (2)
- 2.2 Bestudeer FIGUUR 2.2 wat fluviale verskynsels toon. Kies die korrekte woord/term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.2.1 Noem die helling wat op die rivier gemerk **X** vorm. (Stootoewer/Eskarphelling)
- 2.2.2 Die naam van die helling gemerk **Y**. (Duikhelling/Gly-oewer)
- 2.2.3 Verskynsel **E** wat vorm wanneer 'n kronkelgroef afgesny word. (Hoefystermeer/Kronkelnek)
- 2.2.4 Afsettings (**F**) wat voorkom op die oewer van 'n rivier. (Slik/Puinhang)
- 2.2.5 Gebied aangrensend aan die rivier wat oorstroom word (**G**) wanneer 'n rivier sy walle oorstroom. (Oewerwal/Vloedvlakte)(5 x 2) (10)

- 2.3 FIGUUR 2.3 is 'n spotprent wat klimaatgefare en menslike reaksie uitlig.
- 2.3.1 Stel 'n moontlike oorsaak voor vir die klimaatgefare wat in die spotprent genoem word. (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Watter boodskap dink jy word oorgedra (vertel) met die woorde 'of dit môre reën of nie is nie waaroor ons bekommerd moet wees nie'? (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Wat kan oorstroming van kusgebiede veroorsaak? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Verduidelik hoe droogtes waarskynlik tot 'n 'ekonomiese ineenstorting' kan lei. (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Internasionale berade soos die Kyoto Protokol en die Kopenhagen Beraad erken klimaatverandering as een van die grootste uitdagings wat ervaar word. Bespreek maatreëls wat ingestel kan word om klimaatverandering te hanteer. (Jou bespreking moet ongeveer 12 reëls wees.) (6 x 2) (12)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat 'n hitte-eiland toon.
- 2.4.1 Verduidelik wat met die term *hitte-eiland* bedoel word. (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Bereken die verskil in temperature wat tussen die stadsentrum en die buitewyke ervaar word. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Stel DRIE redes voor vir die verskil in temperatuur wat tussen die stadsentrum en die buitewyke ervaar word. (3 x 2) (6)
- 2.4.4 Verduidelik waarom besoedeling oor die stadsentrum hoër sal wees in die winter. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Beraam (Skat) die impak wat hitte-eilande op die gesondheid van mense wat in die stad woon, sal hê. (3 x 2) (6)
- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat die geologie van 'n spesifieke gebied toon.
- 2.5.1 Toon die diagram hellende of horisontale strata? (1 x 2) (2)
- 2.5.2 Die heuwel is 'n voorbeeld van 'n skerprugbult.
- (a) Noem die tipe helling gemerk **A** en **B**. (2 x 2) (4)
- (b) Gee 'n verduideliking vir die steilte van helling **A**. (2 x 2) (4)
- 2.5.3 Verduidelik waarom hierdie landskappe van min waarde vir die mens is. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Verduidelik waarom die skerprugbult heel waarskynlik nie in die Karoo-streek van Suid-Afrika sal ontwikkel nie. (1 x 2) (2)

- 2.6 FIGUUR 2.6 toon 'n mesa/tafelberg.
- 2.6.1 Noem die hangvorme/elemente gemerk **A** en **B**. (2 x 2) (4)
- 2.6.2 Beskryf kortliks hoe mesas/tafelberge vorm. (2 x 2) (4)
- 2.6.3 Noem EEN eienskap van mesas/tafelberge. (1 x 2) (2)
- 2.6.4 'n Tipiese helling het vier hangelemente. Deur gebruik te maak van FIGUUR 2.6, bespreek die betekenis van hierdie hangelemente vir menslike aktiwiteite. (6 x 2) (12)
- [100]**

**AFDELING B: MENSE EN PLEKKE: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS, MENSE EN HULLE BEHOEFTES**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na FIGUUR 3.1 wat die ligging van dorpe in verhouding tot mekaar illustreer en beantwoord die vrae hieronder.

- 3.1.1 Gee die term wat gebruik word om 'n groot stedelike gebied te beskryf waar verskeie dorpe met mekaar verbind is. (2)
- 3.1.2 Identifiseer die landelike nedersetting sigbaar in die skets. (2)
- 3.1.3 Sal die invloedseer van dorp X of Y groter wees? (2)
- 3.1.4 Gee die naam van die teorie wat die relatiewe grootte en verspreiding van nedersettings verduidelik. (2)
- 3.1.5 Wat is die term wat gebruik word om die handels- en vervoerdorp X te beskryf, waar 'n aantal roetes konvergeer/byeenkom? (2)

3.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.1 H.

KOLOM A	KOLOM B
3.2.1 Oorkonsentrasie van nywerhede in 'n paar kerngebiede	A swaar nywerhede B ongebonde nywerhede
3.2.2 Die grootste nywerheidskerngebied in Suid-Afrika	C markgeöriënteerde D sentralisasie
3.2.3 Nywerhede wat enige plek geleë kan wees te danke aan verbeterde tegnologie	E Durban-Pinetown F Gauteng/PWV
3.2.4 Nywerhede wat naby die verbruikers moet wees	G desentralisasie
3.2.5 Hierdie nywerhede word met hoë geraas en besoedeling geassosieer	

(5 x 2) (10)



- 3.3 Bestudeer FIGUUR 3.3 wat verskillende nedersettings en grondgebruike toon.
- 3.3.1 Identifiseer die tipe landelike nedersetting gemerk **3**. Gee 'n rede om jou antwoord te steun. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 'n Streekswinkelsentrum word vir die standplaas gemerk **4** beplan. Gee EEN eienskap van hierdie tipe sentrum. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Gee 'n rede wat die standplaas van nedersetting **5** kon beïnvloed. (1 x 2) (2)
- 3.3.4 Noem EEN faktor wat die ligging van die nywerheidsgebied by **1** begunstig. (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Die stedelike gebied **2** word met 'n aantal uitdagings geassosieer. Met spesifieke verwysing na stedelike gebied **2**, noem en bespreek (ongeveer 12 reëls) die probleme wat dit in terme van stedelike uitbreiding sal ervaar. (6 x 2) (12)
- 3.4 FIGUUR 3.4 toon migrasie in ontwikkelende lande.
- 3.4.1 Beskryf die tipe migrasie sigbaar op die skets. (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Gee DRIE redes waarom mense na stede gelok word. (3 x 2) (6)
- 3.4.3 Beraam (Skat) die impak van landelike ontvolking op stedelike gebiede. (3 x 2) (6)
- 3.4.4 Verduidelik die impak wat MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse landelike landskap het. (2 x 2) (4)
- 3.5 Verwys na FIGUUR 3.5 wat indiensnemingstrukture van twee lande toon.
- 3.5.1 Wat is 'n *primêre ekonomiese aktiwiteit*? (1 x 2) (2)
- 3.5.2 Hoe is primêre en sekondêre aktiwiteite verbind? (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Pas grafieke **X** en **Y** by:
- (a) 'n Ontwikkelde land (1 x 2) (2)
- (b) 'n Ontwikkelende land (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Verduidelik waarom land **X** waarskynlik 'n lae BBP sal hê? (1 x 2) (2)
- 3.5.5 Verwys na enige EEN van die nywerheidsgebiede wat jy bestudeer het en skryf 'n paragraaf (ongeveer 12 reëls) oor sy ligging in terme van toegang tot grondstowwe, vervoer en markte. (6 x 2) (12)

- 3.6 Verwys na die spotprent in FIGUUR 3.6 wat op omgewingsongeregtigheid fokus.
- 3.6.1 Wat beteken die term *omgewingsongeregtigheid*? (1 x 2) (2)
- 3.6.2 Identifiseer die omgewingsongeregtigheid wat in die spotprent bespreek word. (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Stem jy saam met die oplossing voorgestel in die spotprent oor hoe om die omgewingsongeregtigheidskwessie wat hier bespreek word, te hanteer? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 3.6.4 Gee TWEE natuurlike redes waarom water 'n kritieke hulpbron in Suid-Afrika is. (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Met verwysing na die TUVA (Tugela-Vaal)-projek, verduidelik die voordele wat dit vir die Gauteng-ekonomie bring. (3 x 2) (6)
- [100]**

#### VRAAG 4

- 4.1 Verwys na FIGUUR 4.1 en pas die sketse by die beskrywings hieronder.
- 4.1.1 Syaansig van 'n stad (2)
- 4.1.2 Lineêre nedersetting wat langs 'n rivier ontwikkel (2)
- 4.1.3 Stervormige nedersetting wat as gevolg van groei langs uitgaande vervoerroetes ontwikkel (2)
- 4.1.4 'n Beplande onreëlmatige straatpatroon (2)
- 4.1.5 Nedersetting wat 'n sirkelvorm aanneem (2)
- 4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.2.6 B.
- 4.2.1 Die verskil in waarde tussen 'n land se invoere en uitvoere is ...
- A 'n ongunstige handelsbalans.  
B die balans verskuldig.  
C die betalingsbalans.  
D die handelsbalans.

- 4.2.2 As daar geen hindernis op die invoer/uitvoer van goedere en dienste tussen lande is nie verwys ons daarna as ...
- A ope handel.  
B regverdige handel.  
C vryehandel.  
D beskermde handel.
- 4.2.3 Beperkings geplaas op die hoeveelheid goedere wat in 'n land ingevoer word, word as ... na verwys.
- A tariewe  
B kwotas  
C handelsblokke  
D invoervervanging
- 4.2.4 ... aktiwiteite is gemoeid met die voorsiening van dienste aan verbruikers.
- A Tersiere  
B Kwaternere  
C Primere  
D Sekondere
- 4.2.5 'n Strategie aangeneem deur die regering in 1994 om sosiale en ekonomiese probleme in Suid-Afrika op te los, is ...
- A Asgisa.  
B SEB ('BEE').  
C GEAR.  
D HOP ('RDP'). (5 x 2) (10)
- 4.3 FIGUUR 4.3 toon 'n stedelike grondgebruikmodel.
- 4.3.1 Met watter grondgebruikmodel kom die skets ooreen? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Verwys na die grondgebruiksone gemerk **A**.
- (a) Noem die grondgebruiksone. (1 x 2) (2)  
(b) Beskryf die ligging van die sone. (1 x 2) (2)  
(c) Waarom is die vorm van sone **A** onrealisties? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Gee TWEE redes vir die ontwikkeling van krotbuurtes/blikkiesdorpe. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 Stel TWEE uitdagings voor wat met krotbuurt-/blikkiesdorp-nedersettings geassosieer word. (2 x 2) (4)
- 4.3.5 Watter aspek van die model kom tipies met 'n Suid-Afrikaanse stad ooreen? (1 x 2) (2)

- 4.4 Tans woon baie mense in stede met 'n bevolking van meer as 5 miljoen. Verstedeliking vind tans steeds plaas en stede groei aanhoudend.
- 4.4.1 Definieer die term *verstedeliking*. (1 x 2) (2)
- 4.4.2 Is verstedeliking tans groter in ontwikkelende lande as in ontwikkelde lande? Gee 'n rede waarom dit die geval is. (2 x 2) (4)
- 4.4.3 Gee TWEE redes vir versnelde verstedeliking in die bogenoemde dele van die wêreld. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Groengordels het 'n belangrike rol om te speel om stedelike uitbreiding te voorkom. Skryf 'n paragraaf (ongeveer 12 reëls) om die konsep *groengordel* te beskryf en beraam (skat) sommige van die voordele om dit in stede te vestig. (6 x 2) (12)
- 4.5 Lees die uittreksel hieronder, gebaseer op voedselsekerheid en beantwoord die vrae wat volg.

**Bereik Voedselsekerheid in Afrika: Uitdagings en Kwessies**

Terwyl die res van die wêreld betekenisvolle vooruitgang gemaak het om kwessies verwant aan voedselsekerheid aan te roer, bly Sub-Sahara Afrika voortdurend agter. Voorkomende maatreëls word dringend nodig, want voedselsekerheid het vanaf 1970 afgeneem. Die proporsie ondervoede mense wissel tussen 33% en 35%. Meer as 70% van voedselverskaffers is kleinhoeweboere. Baie faktore dra by tot 'n voedsel onsekerbevolking ...

Aangepas: Angela Mwaniki (Cornell Universiteit VS)

- 4.5.1 Verduidelik die term *voedselsekerheid*. (1 x 2) (2)
- 4.5.2 Afrika het 'n baie hoë persentasie bestaansboere. Beraam (Skat) hoe dit 'n impak op voedselproduksie sal hê. (2 x 2) (4)
- 4.5.3 Verduidelik TWEE omgewingsfaktore wat tot voedselonsekerheid in suidelike Afrika gelei het. (2 x 2) (4)
- 4.5.4 Geneties gemodifiseerde gewasse word deur baie gesien as oplossings vir voedselonsekerheid. Staaf jou standpunt aangaande hierdie debat. (6 x 2) (12)
- 4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 oor straathandel en beantwoord die vrae hieronder.
- 4.6.1 Gee 'n ander naam vir straathandel. (1 x 2) (2)
- 4.6.2 Verduidelik waarom straathandel as deel van die 'verborge ekonomie' gesien word. (2 x 2) (4)

4.6.3	Beskryf die probleem wat deur die straathandelaars in die spotprent ervaar word.	(1 x 2)	(2)
4.6.4	Stel TWEE maatreëls voor wat ingestel kan word om die bydrae van hierdie tipe handel tot die ekonomie van Suid-Afrika te verhoog.	(2 x 2)	(4)
4.6.5	Waarom is straathandel hoofsaaklik 'n eienskap van ontwikkelende lande?	(1 x 2)	(2)
4.6.6	Verduidelik waarom hierdie tipe handel belangrik is vir ontwikkelende lande.	(2 x 2)	(4)
			<b>[100]</b>
		<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>300</b>